# Kerkleiers (oor Vrymesselary)

by **Eben Swart**

**8 April 2013**

**‘n Konsep-skuldbelydenis vir individuele kerkleiers oor institusionele Vrymesselary, ter persoonlike voorbereiding tot korporatiewe, openbare belydenis.**

## ‘n Konsep-skuldbelydenis vir individuele kerkleiers, ter persoonlike voorbereiding tot korporatiewe, openbare belydenis:

(Soos op "Vals Priesterdom"-DVD)

Vader, ek verskyn voor U op grond van 1 Joh. 1:9 wat sê dat indien ek my **sondes bely**, U getrou en regverdig is om dit te **vergewe**, en my te **reinig** van alle ongeregtighede.
Ek erken en bely my **passiwiteit** en **oningeligtheid** tov **Vrymesselary-praktyke binne U liggaam**, en my **vrees** om dit na te vors of te opponneer.
Ek erken en bely my **geestelike onvermoë** om, ten spyte van eksplisiete waarskuwings in U Skrif, hierdie millennia-oue strategie van Satan teen die *ekklesia* te **herken** of te **konseptualiseer**.
Ek erken en bely dat ek die Bybelse konsep van Babilon **verintellektualiseer** het, en myself sodoende teen die waarskuwings van U Gees **vereelt** het.
Ek bely dat ek wetend of onwetend my **kollegas toegelaat** het om **afgodsdiens** binne die ekklesia te bedryf en dit **nooit gekonfronteer** het nie.
Ek bely dat my passiwiteit en lafhartigheid hieroor grootliks bygedra het tot **onheiligheid** binne die Liggaam van Christus, en dit voor U **skuldig** en **kragteloos** gemaak het.
Ek bely dat ek my **profetiese roeping** in hierdie verband **versaak** het, en dat **medegelowiges** en die **Koninkryk van die hemele** hierdeur **groot skade gely** het.
Vader, ek vra dus nou op grond van U **Woord** in die Naam van **Jesus** dat U my hierdie **sondes**, **oortredinge** sal **vergewe**, en my van alle **ongeregtighede** sal **reinig**.
Hiermee maak ek dus nou ‘n **wilskeuse** om **Vrymesselary**, en alle **onheiligheid** wat daarmee gepaard gaan, voor die Vader, Seun en Gees te **verloën**.
Ek **kies** om op alle vlakke na liggaam, siel en gees met Vrymesselary te **breek** – ook op historiese, beroeps- en argitektoniese vlakke.
Ek verklaar dus dat ek in alle ewigheid **niks** met Vrymesselary of sy filosofie, wêreldbeskouïng, moraliteit, simbole, allegorie, werktuie, meganismes, ede, geheimhouding, byeenkomste, vergaderplekke, byvoordele, invloed, herkenningstekens, magie, rituele, wagwoorde, hoër wese of gode **te doen wil hê** nie.
Ek verklaar dat ek, soos met alle ander vorme van afgodery, alles binne my vermoë sal doen om **Vrymesselary uit die Liggaam van Christus te weer**, dit **aan die kaak te stel** en dit in die lig van die Skrif te **ontbloot** itv doktrine, metodiek en lidmaatskap.
Ek kies om **weg te draai** van sondige weë.
Ek kies **teen die duisternis** en **vir die Lig**.
Ek kies **teen die Geheimenisse** en **vir die Evangelie**.
Ek kies **teen die Hemelkoningin en Kundalini** en **vir Jesus**.
Ek kies **teen die Koninkryk van Duisternis** en **vir die Koninkryk van die Hemele**.

Amen